basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## NOVEMBER 2024

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   | | |
   |---|---|
   | AFDELING A: Leesbegrip | (30) |
   | AFDELING B: Opsomming | (10) |
   | AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Lees alle instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Trek 'n streep ná elke afdeling.

6. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat 'n reël oop ná elke antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

## TEKS A: ARTIKEL

### ENERGIEDRANKIES: WONDERMIDDEL OF 'N WOLF IN SKAAPSKLERE*?

1 Of jy nou die langpad vat of laataand vir die eksamen leer, dink twee keer voor jy een ná die ander energiedrankie opslurp, waarsku kenners. Dié energiehupstoot in die kort termyn kan jou gesondheidsvlerke in die lang termyn vinnig knip.

2 Energiedrankies is besig om die mark vinnig oor te neem met beloftes van hoër energievlakke en nog beter fisieke prestasies. Verder word beweer dat dit jou verstand opskerp en selfs met gewigsverlies kan help.

3 Volgens 'n kenner hieroor, prof. Karen Hofman van Wits se Sentrum vir Gesondheidsekonomie, het die verkope van energiedrankies die laaste dekade verdriedubbel. In 2020 is R780 miljard van dié dikwels verslawende energiedrankies wêreldwyd verkoop.

4 Mordor Intelligence, 'n marknavorsingsmaatskappy, het reeds in 2020 voorspel dat die energiedrankiemark in Afrika elke jaar tot 2025 met 3,9% sal groei. Volgens hulle kan die groei in die verbruik daarvan aan die groei in aanvraag na energiedrankies en 'n veranderende leefstyl toegeskryf word. Mense se hoër inkomste, sportaktiwiteite en verstedeliking dra hiertoe by. Tydens 'n onderhoud op Cape Talk het prof. Hofman genoem dat hierdie groeiende aanvraag daartoe gelei het dat advertensies oor energiedrankies baie vinnig toegeneem het. Die teikengroep van die advertensies is veral mans tussen die ouderdomme van 17 en 34 jaar.

5 Die energiedrankie word veral as 'n towerdrankie vir jou liggaam bemark! Dit het blykbaar eienskappe wat help om die liggaam te genees. Verder dateer adverteerders dit terug na toe die Antieke Grieke towerdrankies gemaak het. Hulle het geglo dat dit jou onsterflik sal maak. In 2014 is die Red Bull-maatskappy egter vir $13 miljoen gedagvaar vir sy valse bemarking. Sy slagspreuk ("Red Bull gives you wings") is deur iemand wat geglo het dat dit hom sal laat vlieg, letterlik opgeneem.

6 Dr. Isak Naudé, 'n mediese dokter in Gauteng, meen energiedrankies is oor die algemeen nie goed vir jou gesondheid nie – juis as gevolg van die hoë kafeïen- en suikerinhoud. Hoewel dit 'n paar vitamiene (veral vitamien B, wat help met breinfunksie) bevat, kan die kafeïen die hartspoed, die bloeddruk asook die hoeveelheid water wat deur jou niere beweeg, verhoog. Die gevolg is dat die liggaam meer vloeistof nodig het. Dit het tot gevolg dat die persoon nóg 'n drankie neem en só raak dit maklik 'n bose kringloop.

7 'n Verdere probleem is dat die kombinasie van kafeïen en suiker die vrylating van gestoorde energie in die lewer stimuleer. Indien die stimulante uitwerk, bereik die liggaam 'n laagtepunt. Die lewer kan nie die verlies aan gestoorde energie vervang nie. Dit dryf die gebruiker om wéér 'n energiedrankie te neem.

8 Nog 'n bekommernis, volgens prof. Hofman, is die meng van energiedrankies met alkohol – veral by jong volwassenes. Mense "voel" glo minder onder die invloed, maar hulle koördinasie- en reaksievermoë word steeds beperk. Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie drink Suid-Afrikaners van die meeste alkohol ter wêreld. Suid-Afrikaners is ook, wat die verbruik van energiedrankies betref, besig om 'n voorloper te word. Daar word geraam dat hulle meer as 168 miljoen liter daarvan per jaar drink.

9 Sunet Kotzé, 'n geregistreerde dieetkundige van Pretoria, sê dat Suid-Afrikaners in die gejaagde lewe al hoe meer kits- en verwerkte kosse eet. Hierdie kossoorte laat nie groeiende kinders versadig voel nie – hulle is dus amper altyd honger en moeg. Energiedrankies word dikwels gebruik om eetlus te onderdruk en in die kort termyn 'n energie-inspuiting te gee. Hierdie swak eetgewoontes saam met energiedrankies kan gevolglik tot allergieë, hiperaktiwiteit en aandagtekort by kinders lei.

10 Sy voeg by dat voedsame kos, eerder as energiedrankies, ons liggame van volhoubare energie moet voorsien. Die meeste energiedrankies het baie suiker in wat baie vinnig in die bloedstroom beland. Dit kan tot insulienweerstandigheid lei, wat weer oorgewig en tipe 2-diabetes tot gevolg kan hê.

11 Prof. Hofman bevestig dat suiker en kafeïen albei verslawend is. Aangesien hierdie energiedrankies besonder baie kafeïen en suiker bevat, raak mense maklik daaraan verslaaf. 'n Tipiese energiedrankie, volgens die Harvard Skool vir Openbare Gesondheid, bevat omtrent 40 g suiker (15 teelepels), 160 g kafeïen, kunsmatige versoeters, asook verskeie kruie of ander middels wat breinaktiwiteit verhoog.

12 Geo Bouwer, stigter en direkteur van PandaRoc-energiedrankies, gee toe dat hierdie drankies 'n negatiewe konnotasie het as gevolg van die hoë suiker- en kafeïeninhoud daarvan. Hy sê gesonder opsies in dié mark is beslis nodig, maar dit is eerder nodig dat die verbruiker opgevoed moet word oor die hoeveelheid verskillende kosgroepe wat per dag geëet moet word. Energiedrankies moenie as die sondebok uitgemaak word nie.

13 Daar kan dus met reg gevra word: Is energiedrankies die wondermiddel of die wolf in skaapsklere?

*****'n Wolf in skaapsklere **–** 'n skynheilige

[Aangepas uit www.netwerk24./energiedrankies-dis-hoe-dit-jou-gesondheid-kelder-20221104 en maroelamedia.co.za//se-nee-vir-energiedrankies-die-eksamen]

**TEKS B: VISUELE TEKS**




[Aangepas uit Red-Bull-cartoons/modules/590841179]

**VRAE: TEKS A**

1.1 Skryf TWEE afsonderlike sinsdele uit paragraaf 1 neer wat by " 'n wolf in skaapsklere" (in die titel) aansluit. (2)

1.2 Watter gedagte dra die skrywer met die gebruik van die woord "opslurp" in paragraaf 1 oor? (1)

1.3 Verwys na paragraaf 2.

Watter VIER beloftes dra daartoe by dat meer energiedrankies verkoop word? (4)

1.4 Evalueer die betroubaarheid van die statistiek in paragraaf 3 en 4 deur na elke paragraaf afsonderlik te verwys. (2)

1.5 Bemarking speel 'n belangrike rol in die verkope van produkte.

1.5.1 Watter wanpersepsie oor energiedrankies word deur adverteerders geskep én watter TWEE twyfelagtige feite gebruik hulle om die teikenleser te manipuleer? (3)

1.5.2 Dink jy dit is regverdig dat die Red Bull-maatskappy in 2014 vir "valse bemarking" gedagvaar is? Motiveer jou antwoord. (1)

1.6 Verwys na paragraaf 6 en 7.

Energiedrankies benadeel drie organe op verskillende maniere. Bewys hierdie stelling in DRIE afsonderlike sinne. (3)

1.7 Dr. Isak Naudé (paragraaf 6) en Sunet Kotzé (paragraaf 9) kyk vanuit verskillende oogpunte na die invloed van energiedrankies.

1.7.1 Waarop fokus hulle onderskeidelik? (2)

1.7.2 Waarom het hulle verskillende benaderings hieroor? (1)

1.8 Watter TWEE voordele sal dit vir onderwysers inhou as ouers vir hulle kinders eerder gesonde kos gee as om energiedrankies toe te laat? (2)

1.9 Is die invoeging van die Harvard Skool se inligting (paragraaf 11) funksioneel? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

1.10 Waarom is dit verrassend dat Geo Bouwer, die stigter en direkteur van PandaRoc-energiedrankies, saamstem dat energiedrankies 'n negatiewe konnotasie het? (1)

**TEKS B**

1.11 Watter visuele inligting versterk die gedagte dat die energiedrankie baie vinnig werk? Noem TWEE aspekte. (2)

1.12 Verwys na reëls 1 tot 5.

Waarom sou 'n mens kan sê dat die herhaling van die v/f-klank EN die woordgebruik die visuele uitbeeldings versterk? Verwys in jou antwoord na beide aspekte afsonderlik. (2)

**TEKS A EN B**

1.13 Verwys na TEKS A en TEKS B.

1.13.1 Hoe, dink jy, sal die man in TEKS B waarskynlik die vraag in die titel van TEKS A beantwoord? Motiveer jou antwoord. (1)

1.13.2 Verwys na paragraaf 10 in TEKS A.

Die man in TEKS B drink Red Bull saam met sy kos. Wat word geïmpliseer oor die kos wat die man in TEKS B geëet het? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en identifiseer **SEWE positiewe uitwerkings wat rooibostee op die mens se liggaam het**.

**LET WEL:**
1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

### TEKS C

**'N KOPPIE ROOIBOSTEE HELP MEER AS WAT JY BESEF**

Rooibostee hou verskeie voordele vir die hele gesin in. Dié tee kom van 'n struik wat net in die Sederberge by Clanwilliam voorkom en is dus uniek aan die Wes-Kaap. Dit vorm deel van die Kaapse blommeryk wat algemeen as fynbos bekend staan en nêrens anders in die wêreld groei nie.

Wat kan rooibos vir jou gesondheid doen? Rooibos het eerstens medisinale waarde, want dit bevat natuurlike oksidante wat die liggaam teen chroniese siektes soos kanker en hartsiektes beskerm. Dit is noodsaaklik om te alle tye gehidreer te bly as jy goeie gesondheid wil handhaaf. Wanneer rooibos gedrink word sonder om suiker by te voeg, kan dit daartoe bydra dat jou daaglikse vloeistofinname verhoog om sodoende gesonde hidrasie aan te help.

Omdat rooibostee ook kafeïenvry is, het dit 'n kalmerende uitwerking op die sentrale senustelsel van mense. Mense wat aan slaapversteurings ly, vind ook baat by die inname van hierdie tee. Dit word selfs algemeen vir babas aanbeveel. Indien dit egter vir babas gegee word, is dit belangrik dat dit nie as 'n plaasvervanger vir melk beskou word nie.

As jy sukkel om vetjies af te skud, kan jy gerus 'n koppie of twee rooibostee geniet. Die rede hiervoor is dat rooibos geen kilojoules bevat nie – dié eienskap maak dit ideaal vir mense wat op 'n gewigsverliesplan is. Kruietee soos rooibos is ook daarvoor bekend dat dit verskeie spysverteringsvoordele het. 'n Gesonde spysverteringstelsel dra by tot jou algehele welstand.

Vir fiksheidsbewustes en diegene wat besluit om ongesonde gewoontes soos oormatige inname van suikerhoudende drankies te verminder, is rooibos 'n gesonde alternatief. Die minerale in rooibostee is 'n bykomende voordeel wat help om die liggaam se natuurlike balans ná oefening te herstel. Dit is daarom ideaal ná oefening.

Navorsers het verder bevind dat die gereelde verbruik van rooibostee 'n sterk verwantskap met verminderde vlakke van depressie het. Een studie het bepaal dat vir elke drie koppies tee wat per dag verbruik word, die relatiewe risiko van depressie met 37% afgeneem het.

Hierdie tradisionele drankie se voordele is legio en die uitwerking daarvan moenie onderskat word nie.

[Aangepas uit https://mooileefstyl.co.za/rooibos]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




[Aangepas uit https://www.kiefkoekies.co.za]

**VRAE: TEKS D**

3.1 'n Advertensie se hoofdoel is om die leser te oortuig om die produkte te koop.

3.1.1 Watter tegniek gebruik die kopieskrywer in reëls 1 tot 3 om onmiddellik die leser se aandag te trek? (1)

3.1.2 Het die weglaat van 'n opskrif 'n invloed op die geslaagdheid van dié advertensie? Motiveer jou antwoord. (1)

3.2 Skryf TWEE antonieme uit die advertensie neer wat bewys dat soet (reël 2) meer as een betekenis het. (2)

3.3 Verwys na reëls 1 tot 3.

3.3.1 Watter woord veroorsaak dat reël 1 en 2 nie 'n veralgemening is nie? (1)

3.3.2 Watter verwagting deur die samelewing word in reël 3 weerspreek? (1)

3.4 Die woordspeling in reël 7 en 8 dra tot die geslaagdheid van die advertensie by.

Bewys hierdie stelling deur na die denotatiewe EN die konnotatiewe betekenis te verwys. (2)

3.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (3.5) en die letter (A–D) neer, bv. 3.5 E.

Watter EEN van die volgende opsies is NIE die funksie van die beletseltekens in reël 9 NIE?

A Dit skep 'n dramatiese effek om die ekstra produkte te beklemtoon.
B Dit skep afwagting by die leser dat nog southappies beskikbaar is.
C Dit beklemtoon die teenstelling wat deur "maar" ingelei word.
D Dit manipuleer die leser om die inligting in reël 10 te lees. (1)


3.6 Die plasing van die naam van die besigheid is funksioneel.

Motiveer waarom jy met hierdie stelling saamstem. (1)
**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

Lees die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**




[Aangepas uit DM-Recycling-Man-2000px]

**VRAE: TEKS E**

4.1 Skryf 'n bywoord van modaliteit uit RAAMPIE 1 neer wat op Tamia se negatiewe houding dui. (1)

4.2 Verwys na RAAMPIE 2.

4.2.1 Watter aanname kan die leser uit Tamia se woorde in RAAMPIE 2 maak? (1)

4.2.2 Watter emosie dra die vetgedrukte woord van Ouma oor? (1)

4.3 Watter visuele tegnieke word in RAAMPIE 3 en RAAMPIE 4 onderskeidelik gebruik om die onheilspellende toon te ondersteun? (2)

4.4 Ouma slaag in haar doel met haar woorde in RAAMPIES 3 tot 5.

Stem jy met hierdie stelling saam? Motiveer jou antwoord deur na Tamia se reaksie in RAAMPIE 6 te verwys. (1)

4.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (4.5) en die letter (A–D) neer, bv. 4.5 E.

Tamia se woorde in RAAMPIE 7 is ...

A diskriminerend.
B stereotiperend.
C sarkasties.
D bevooroordeeld. (1)

4.6 Verwys na RAAMPIE 10.

4.6.1 "Kinders <u>van vandag</u> is anders."

Verander die onderstreepte bepaling na 'n byvoeglike bysin. (1)

4.6.2 "Hulle is ... my mening so gespanne!"

Voltooi die sin hierbo met die korrekte voorsetsel. (1)

4.7 Evalueer die gepastheid van die strokiesprent in die samelewing waarin ons leef. (1)
**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL

Bestudeer die artikel (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**

### KOES JY VIR 'N SOENGROET?

1 Die soengroet is, dankie tog, finaal die nekslag toegedien weens Covid-19. Dit was 'n uitgerekte proses.

2 Almal het (5.2) (verseker/vir seker) 'n storie oor (5.3) daardie soenery: Van ou tannies met moesies en 'n swart haartjie wat jy probeer mis soen en die mik-sus-mik-so-aanval, tot die desperate systap van die sopperige smeersel.

3 In ons familie was daar een oom oor wie ons die snaaksste vermydingstaktiek uitgedink het om hom nie te soengroet nie. Ironies was oom Duif so sagmoedig en (5.4) vredeliewend soos sy naam. Maar, helaas, hy was ook tandloos! Nietemin, jy kon net sóveel keer agter in die tou val voordat dit jou beurt was. (5.5) En dit was regtig nooit 'n lekker beurt nie!

4 Ek het onlangs weer diep oor die druk wat die soen vervang het, nagedink. Want (5.7) **niemand gee op dieselfde manier 'n drukkie nie**.

5 Behalwe vir die beerdruk is daar die windmeulwals, waar niemand weet wie se arm bo-oor waffer skouer moet gaan nie en in dié proses beland jy gewoonlik met (5.8) jou neus in iemand se nekkuiltjie.

[Aangepas uit https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings20230713]

**VRAE: TEKS F**

5.1 Skryf die diftong in die titel neer. (1)

5.2 Kies die korrekte spelling tussen hakies én gebruik die een wat jy nie gekies het nie in 'n verklarende sin. (2)

5.3 Watter klankverskynsel vind plaas indien "daardie" (paragraaf 2) as "daarie" uitgespreek word? (1)

5.4 Skryf die stamme van die samestellende afleiding "vredeliewend" (paragraaf 3) neer. (1)

5.5 "En dit was regtig nooit 'n lekker beurt nie!" (Paragraaf 3)

Skryf die sin hierbo in die bevestigende vorm. (1)

5.6 Verwys na paragraaf 4.

5.6.1 Waarom is dit effektief om die neweskikkende voegwoord ("want") aan die begin van die tweede sin te plaas? (1)

5.6.2 Verbind die twee sinne in die paragraaf met 'n onderskikkende voegwoord. (1)

5.7 "... niemand gee op dieselfde manier 'n drukkie nie." (Paragraaf 4)

Skryf die woorde hierbo in die lydende vorm. (1)

5.8 Gebruik die besitlike voornaamwoord "jou" in paragraaf 5 as 'n ander woordsoort in 'n verklarende sin. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS HUISTAAL V1**

**NOVEMBER 2024**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 70**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 9 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**Nasien van die leesbegrip:**

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/bewys/motivering word oorweeg by die puntetoekenning.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoordantwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Die nasien van 'n aanhaling vereis dat 'n aanhaling 100% korrek aangehaal moet word.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar by meervoudigekeusevrae BEIDE die ooreenstemmende letter met die korrekte antwoord EN/OF die volledige, uitgeskryfde antwoord.

| **VRAAG 1** ***(Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)*** | | | |
|---|---|---|---|
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** | |
| 1.1 | "energiehupstoot in die kort termyn"/<br>"gesondheidsvlerke (in die lang termyn) vinnig knip"/<br>"energiehupstoot in die kort termyn kan jou gesondheidsvlerke in die lang termyn vinnig knip."/<br>"waarsku"/<br>"dink twee keer" ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | | 2 |
| 1.2 | Die skrywer gee te kenne dat die drinker vinnig/genotvol drink./voortdurend daaraan drink./drink sonder om te dink./een na die ander drankie verorber./die drankies so veel/gou moontlik na mekaar drink. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | | 1 |
| 1.3 | Verhoogde energievlakke ✓<br>Verbeterde fisieke prestasies ✓<br>Opskerping van verstand ✓<br>Gewigsverlies ✓<br><br>*Die kandidaat bied VIER antwoorde vir EEN punt elk aan.* | | 4 |
| 1.4 | Die statistiek in paragraaf 3 is betroubaar, aangesien dit nagevors is./deur 'n kenner (op die gebied van gesondheidsekonomie) aangehaal word. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN** | | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Die statistiek in paragraaf 4 is nie betroubaar nie, want dit is gegrond op voorspellings./dit het nog nie plaasgevind nie.<br><br>**OF**<br><br>Die statistiek in paragraaf 4 is betroubaar, want die voorspelling word deur 'n maatskappy wat in marknavorsing spesialiseer, gedoen. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | | 1 |
| 1.5.1 | Die wanpersepsie is dat dit 'n towerdrankie vir die liggaam kan wees. ✓<br><br>**EN**<br><br>Dit het (blykbaar) eienskappe wat die liggaam help genees. ✓<br>(Die antieke Grieke het geglo dat) dit jou onsterflik maak. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | | 1<br><br>2 |
| 1.5.2 | Nee<br>Red Bull kan nie verantwoordelik gehou word as mense die slagspreuk letterlik interpreteer nie. ✓<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Red Bull moet weet dat mense die slagspreuk verkeerd kan interpreteer./dat mense hulle juis van valse manipulasie kan beskuldig. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | | 1 |
| 1.6 | Die **hart** word nadelig beïnvloed, omdat die hartspoed/bloeddruk kan verhoog. ✓<br>Die **niere** moet harder werk, omdat energiedrankies die aanvraag na meer vloeistof verhoog./stimuleer./meer water deur die niere laat beweeg. ✓<br>Die **lewer** word ooreis, omdat dit nie gestoorde energie kan vervang nie./omdat die kombinasie van kafeïen en suiker die vrylating van gestoorde energie stimuleer. ✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat moet na elke orgaan in 'n afsonderlike sin verwys.* | | 1<br>1<br>1 |
| 1.7.1 | Dr. Naudé fokus op die gesondheid van die menslike liggaam./mense se organe. ✓<br>Sunet Kotzé fokus op dit wat die mens inneem./kos wat voedsaam vir die liggaam is./wat op 'n volhoubare wyse energie verskaf. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | | 1<br>1 |
| 1.7.2 | Dr. Naudé is 'n (mediese) dokter, terwyl Sunet Kotzé 'n dieetkundige is./<br>Dr. Naudé en Sunet Kotzé het verskillende (mediese) beroepe. ✓<br><br>*Die kandidaat bied beide kante van die verskil vir EEN punt aan.* | | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.8 | Kinders sal nie voortdurend moeg wees nie./<br>Kinders sal minder hiperaktief wees./<br>Kinders se aandagspan sal beter/voldoende wees./<br>Kinders sal minder afwesig by skole wees (as gevolg van allergieë). ✓✓<br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan* | | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.9 | Ja<br>Die inligting bewys dat die feite geloofwaardig is (omdat Harvard 'n gerekende universiteit is)./<br>Die inligting bewys met navorsing dat energiedrankies middels bevat om brein-aktiwiteit te verhoog./wat verslawend kan wees./<br>Die inligting skok die leser met die geweldige hoë suikerinhoud in energiedrankies./<br>Die inligting lig die leser in presies watter bestanddele daar in energiedrankies is. ✓✓<br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | | 2 |
| 1.10 | (Dit is verrassend dat hy erken daar is 'n negatiewe konnotasie, aangesien) hy steeds die energiedrankies bemark./verkoop./die erkenning sy verkope nadelig kan beïnvloed. ✓<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | | 1 |
| 1.11 | Die bewegingstrepies by die lyf./<br>Die man is nou n superheld./<br>Die man vlieg./kry vlerke./<br>Die man se kop is in die wolke./<br>Die koeldrank spat uit die blikkie uit./<br>Die soutpot kantel op die tafel./<br>Die betaalstrokie waai./<br>Die pak klere sit nog regop, terwyl daar nie meer 'n lyf in is nie./<br>Daar is 'n ontploffing/bewegingstrepies by die nek van die hemp. ✓✓<br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | | 2 |
| 1.12 | Die herhaling van die v-/f-klank sluit by die gedagte van die man wat vlieg aan./ versterk die vlieg-/vryheid-/ontsnappingsgedagte. ✓<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>**EN**<br>Die woordgebruik "doller-as-kopaf-dae" pas by die leë pak klere (sonder 'n kop) in die agtergrond./<br>Die woord "vlerke"/"vlieg" pas by die man wat in die lug is./<br>Die woorde "selfs ná middagete" pas by die tafel met kos wat pas geëet is./<br>Die woorde "voel jou fut is uit" sluit aan by die koplose man. ✓<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | | 1<br>1 |
| 1.13.1 | Die energiedrankie is 'n wondermiddel, want dit gee hom vinnig energie (wanneer hy moeg is). ✓<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | | 1 |
| 1.13.2 | Die middagete/kos wat hy geëet het, was nie voedsaam genoeg nie./het nie genoeg energie verskaf nie. ✓<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | | 1 |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | | **30** |

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

**Nasien van die opsomming**

- Die nasien van die opsomming word baseer op die insluiting van die relevante feite in die teks wat met die vraag ooreenstem.
- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs positiewe uitwerkings wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totale punte: 10
- Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe.
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe.
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe.
- Verspreiding van punte vir taal wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen punte vir taal toe nie.
  - 4–5 direkte aanhalings: ken 'n maksimum van 1 taalpunt toe.
  - 2–3 direkte aanhalings: ken 'n maksimum van 2 taalpunte toe.

**NASIEN VAN OPSOMMINGS INDIEN DIREKTE AANHALINGS GEBRUIK WORD**

| Gewone opsomming met eie woorde | AANTAL DIREKTE AANHALINGS UIT DIE TEKS | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 7 AANHALINGS | 6 AANHALINGS | 5 AANHALINGS | 4 AANHALINGS | 3 AANHALINGS | 2 AANHALINGS | 1 AANHALING | TOTAAL |
| **7 feite + 3 punte** | + 0 | + 0 | + 1 | + 1 | + 2 | + 2 | + 3 | **7** |
| **6 feite + 3 punte** | | + 0 | + 1 | + 1 | + 2 | + 2 | + 3 | **6** |
| **5 feite + 2 punte** | | | + 0 | + 0 | + 1 | + 1 | + 2 | **5** |
| **4 feite + 2 punte** | | | | + 0 | + 1 | + 1 | + 2 | **4** |
| **3 feite + 1 punt** | | | | | + 0 | + 0 | +1 | **3** |
| **2 feite + 1 punt** | | | | | | + 0 | + 1 | **2** |
| **1 feite + 1 punt** | | | | | | | + 0 | **1** |

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste aspekte bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

| **NASIENSIMBOLE** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **V** | Onvolledige sin | | **H** | Herhaling | | **A** | Aanhaling |
| **^** | Onvolledige feit | | **F** | Feitefout | | | |

| **MOONTLIKE PARAGRAAF** | | |
|---|---|---|
| | | |
| Rooibos help om die liggaam teen chroniese siektes te beskerm. Die inname van Rooibos kan bydra tot jou daaglikse vloeistofinname om gesonde hidrasie te bevorder. Rooibostee het verder ook 'n kalmerende uitwerking op die sentrale senustelsel en help met gewigsverlies. As jy Rooibostee voor slaaptyd drink, sal jy nie sukkel met slaapversteurings nie. Die inname van die tee dra tot 'n gesonde spysverteringstelsel by. Voorts help Rooibos na oefening om die liggaam se natuurlike balans te herstel. Gereelde verbruik van Rooibostee hou verband met verminderde koerse van depressie. [Getal woorde: 88] | | |

**OF**

| AANHALING UIT TEKS | | MOONTLIKE BEWOORDING | |
|---|---|---|---|
| 1 | ... want dit bevat natuurlike oksidante wat die liggaam teen **chroniese siektes soos kanker en hartsiektes beskerm.** | A | Rooibos het medisinale waarde/help om die liggaam teen (chroniese) siektes/kanker/ hartsiektes te beskerm. |
| 2 | Wanneer Rooibos sonder om suiker by te voeg gedrink word, kan dit daarom bydra tot jou daaglikse vloeistofinname om **gesonde hidrasie aan te help.** | B | Dit kan bydra tot jou daaglikse vloeistof-inname (om gesonde hidrasie te bevorder)./ Dit kan gesonde hidrasie verseker/ aanhelp. |
| 3 | Omdat Rooibostee ook kafeïenvry is, het dit 'n **kalmerende uitwerking** op die sentrale senustelsel. | C | Rooibostee het 'n kalmerende uitwerking op die mens./die sentrale senustelsel. |
| 4 | Mense wat aan slaapversteurings ly, vind ook baat by die inname van hierdie tee. | D | As jy Rooibostee (voor slaaptyd) drink, sal jy nie met slaapversteurings sukkel nie. |
| 5 | ... dat Rooibos geen kilojoules bevat nie – die eienskap maak dit **ideaal vir mense wat op 'n gewigsverliesplan is.** | E | Rooibos help met gewigsverlies. |
| 6 | ... Rooibos is ook daarvoor bekend dat dit verskeie **spysverteringsvoordele** het. 'n Gesonde spysverteringstelsel dra tot jou **algehele welstand** by. | F | Rooibos dra by tot 'n gesonde spysver-teringstelsel./help met jou algehele wel-stand. |
| 7 | ... wat help om die liggaam se **natuurlike balans ná oefening te herstel.** | G | Rooibos (na oefening) help dat die liggaam se natuurlike balans herstel word. |
| 8 | Navorsers het bevind dat gereelde verbruik van Rooibos ’n sterk verwantskap met **verminderde koerse van depressie** het**.** | H | Gereelde verbruik van Rooibostee vermin-der depressie. |
| | | | **Getal woorde: 82 woorde** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoordantwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie, tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Vir meervoudigekeusevrae word die letter van die korrekte antwoord en/of die antwoord wat uitgeskryf is, as korrek aanvaar.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1.1 | Die verskillende skriftipes/lettertipes/Sommige woorde is in hoofletters./groter/vet gedruk./<br>Die woordgebruik: ontkenningsvorm/persoonlike voornaamwoord "ons"/die woord-keuse "oukei"/<br>Die gebruik van kort sinne ✓<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.1.2 | Ja<br>Die weglaat van die opskrif is juis geslaagd, want dit veroorsaak dat die leser tot die einde van die advertensie moet lees./op die prente moet staatmaak om te weet waaroor die advertensie handel./Indien daar 'n opskrif was, sou die leser makliker geweet het watter produk geadverteer word.<br>**OF**<br>Nee<br>Die leser se aandag word reeds vasgevang deur die verskillende skriftipes./Die visuele voorstellings laat die leser dadelik sien watter produkte geadverteer word./<br>Die afwesigheid van 'n opskrif laat die leser tot die einde lees om uit te vind wat geadverteer word. ✓<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.2 | "stout" ✓<br>"sout" ✓ | 1<br>1 |
| 3.3.1 | "nie" ✓ | 1 |
| 3.3.2 | Die samelewing verwag dat almal van soetgoed sal hou./hulle soet sal gedra./mense almal dieselfde voorkeur moet hê. ✓<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.4 | Denotatief: Dit verwys na southappies wat verkoop word. ✓<br>Konnotatief: Die besigheid kan vertrou word./is eerlik. ✓<br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN elk punt aan.* | 1<br>1 |
| 3.5 | C/Dit beklemtoon die teenstelling wat deur "maar" ingelei word. ✓ | 1 |
| 3.6 | Dit trek die leser se aandag, omdat dit onder in die hoek staan./skuins na bo geskryf staan./<br>Die feit dat die naam regs onder staan, dwing die leser om eers deur al die inligting te lees./skep die idee dat die naam die hoogtepunt/kerngedagte vorm. ✓<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **10** |

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | "tog"/"net" ✓ | 1 |
| 4.2.1 | Tamia glo nie in die herwinningsman nie./dink die herwinningsman is sommer 'n storietjie. ✓ | 1 |
| 4.2.2 | Skok/verbasing/verstomming/verontwaardiging ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.3. | In RAAMPIE 3 kyk Ouma haar stip aan./is Ouma se arms gelig (om Tamia bang te maak)./is Ouma se vingers wyd gesprei./word Ouma se gesig geskakeer (wat op die onheilspellendheid in haar stem kan dui)./leun Ouma vooroor. ✓<br><br>**EN**<br><br>In RAAMPIE 4 is die agtergrond donker./die maan sigbaar./word net die silhoeët van die man (wat deur die strate draf) aangetoon. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 4.4 | Ja<br>Tamia vra vir Ouma vir meer inligting./wys dat sy nuuskierig/bang is./leun agteroor (asof sy wegdeins)./se oë is groot. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 4.5 | C/sarkasties ✓ | 1 |
| 4.6.1 | ... wat vandag leef .../... met wie ons vandag werk ... ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke BYVOEGLIKE BYSIN vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.6.2 | na/volgens ✓ | 1 |
| 4.7 | Die strokiesprent is gepas, want herwinning is tans 'n groot kwessie./kwessie wat dikwels misgekyk word./<br>Die strokiesprent is gepas, want kinders is deesdae ongeërg oor herwinning./gee nie om oor die natuur nie./is nie op die omgewing ingestel nie.<br><br>**OF**<br><br>Die strokiesprent is nie gepas nie, want die kinders is deesdae sterk ingestel op die groen manier van lewe./herwinning. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **10** |

**VRAAG 5: ARTIKEL**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | y /<u>jy</u> ✓ | 1 |
| 5.2 | vir seker ✓<br><br>**EN**<br><br><u>Seker maak/waarborg</u>:<br>Jy moet verseker dat daar genoeg geld is om jou rekeninge te betaal./<br>Verseël die pakkie om te verseker dat niks uitval nie./<br><u>Vir jouself kry</u>:<br>Ek wil vir my 'n lekker sitplek by die venster verseker./<br><u>Iets is definitief so</u>:<br>Ek kan jou verseker dat ek die antwoord ken./<br>Die taxibestuurder het my verseker dat ons betyds by die lughawe sal wees./<br><u>Ooreenkoms met 'n maatskappy</u>:<br>Ek verseker my meubels teen diefstal./<br><u>Goed toemaak</u>:<br>Jy moet jou besittings met 'n dubbele slot verseker./<br><u>Oortuig wees</u>:<br>Jy kan verseker wees dat jy hierdie punt sal kry.<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>**OF**<br>Ek gaan <u>vir seker</u> twee dae weg wees. ✓<br><br>*Indien die kandidaat se eerste antwoord verkeerd is, word die tweede opsie aanvaar.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 5.3 | Assimilasie ✓ | 1 |
| 5.4 | vrede + lief ✓ | 1 |
| 5.5 | En dit was regtig <u>altyd</u> 'n lekker beurt! ✓ | 1 |
| 5.6.1 | "Want" plaas die fokus op/beklemtoon die gevolgtrekking dat mense se drukkies verskil./die motivering waarom die skrywer oor die "drukkie" nagedink het. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 5.6.2 | Ek het onlangs weer diep (oor die druk wat die soen vervang het,) nagedink, <u>omdat/aangesien/alhoewel/dat</u> niemand op dieselfde manier 'n drukkie gee nie. ✓ | 1 |
| 5.7 | 'n Drukkie word (deur niemand)/nie op dieselfde manier gegee nie. ✓ | 1 |
| 5.8 | <u>As 'n werkwoord</u>:<br>Hy jou die speler uit./<br>Moenie my "jy" en "jou" nie./<br><br><u>As 'n selfstandige naamwoord</u>:<br>Skryf die woord "jou" op die bord./<br><br><u>As 'n ander voornaamwoordsoort:</u><br>Moet jou nie bekommer nie./<br>Ek ken jou al sewe jaar. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **10** |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **30** |